

Voorbeeld 1

Vir die heel kleintjies kan hierdie aangepas word om enige deel van 'n storie te verteenwoordig. Sorg dat jy 'n tema kry met 'n inkleurprent en skryf dan rondom die inkleurprent letters wat op die ou einde 'n kerndeel van die storie vertel as hulle byvoorbeeld elke tweede letter lees. Gee spasie aan die onderkant van die bladsy waar hulle kan skryf.



++Kyk op www.squidoo.com en www.preschools4all.com vir meer voorbeelde

Voorbeeld 2

Gebruik die storiestokkies en skryf 'n paar kernwoorde daarop.

Net een woord per stokkie.


Elke kind trek 'n stokkie en vertel die storie.

Laat hulle dan in die groep die stokkies in die regte volgorde pak, sodat die storie chronologies vertel kan word.

Hier is 'n voorbeeld – waar die oop spasies is, sou jy 'n stokkie met 'n woord kon gebruik.

WHAT HAPPENED TO JOSEPH IN EGYPT?
To find out, fill in the missing words

[] WAS TAKEN TO []
AS A SLAVE, AND MADE TO []
FOR A MAN CALLED [] WHO
WAS AN [] OF THE []
THE KING. BUT JOSEPH WAS SUCH A
[] SLAVE, HIS MASTER SOON
[] HIM.



EGYPT GOOD WORK PROMOTED
PHARAOH POTIPHAR
OFICER JOSEPH

Voorbeeld 3

Kry prentjies van gesigte en plak op roomysstokkies.

Gebruik soos handpoppe en laat elke kind 'n rol speel – byvoorbeeld Ruben, Jakob, Juda en Josef



As jy dit groot genoeg doen en die gaatjies vir die oë doen, dan kan dit soos maskers gebruik word.



Voorbeeld 4

Laat die kinders met gekleurde papier 'n jas vir Josef maak en aantrek.



Of so een:



Voorbeeld 5

Bou die hele storie!

Gebruik toilet papierrolle of houtstokkies en gebruik dit dan vir rolspel.

Jy kan Isak, Potifar en sy vrou, die bakker en skinker, die farao ook bou.

Selfs die drome – gerwe; koeie; son, maan en sterre, ens.

